# NUUS Welgeluk

N.G. OUDTSHOORN WELGELUK

*Ons bou met liefde aan God se Koninkryk*

## Sondag Program

**<u>Sondag | 15 Februarie 2026</u>**

**om 09:00**

**Leraar | Ds. Andries Potgieter**

**Tema | Die Here ons God is Heilig**

**Teks | Psalm 99**



Preke van NG Kerk Oudtshoorn-Welgeluk word weekliks geplaas op:

YouTube http://www.ngwelgeluk.co.za/

Besoek ook gerus:

NG Welgeluk

http://www.facebook.com/ ngwelgeluk/

## Week Program

**<u>Sondag | 15 Februarie 2026</u>**

**Erediens**

**Nagmaal**



**Kleuterkerk tydens die erediens**

**Kategese na die erediens**

**Kom geniet 'n heerlike glasie sap, koffie en 'n bederfie na die erediens**

---

**<u>Woensdag | 18 Februarie 2026</u>**




**Aswoensdag byeenkoms om 18:30**

# OOR ASWOENSDAG EN LYDENSTYD

Aswoensdag is tradisioneel die aanvang van Lydenstyd in die kerkjaar. Lydenstyd strek vanaf Aswoensdag tot Stil Saterdag, die dag voor Opstandingsondag. Indien die Sondae in hierdie tyd uitgesluit word, is dit 'n tydperk van 40 dae, dieselfde aantal dae wat Jesus in die woestyn deurgebring het.

Sondae was nog altyd vieringsdae vir die kerk en daarom nie deel van die vastyd van Lydenstyd nie. Lydenstyd help ons om die ware betekenis van Jesus se opstanding te begryp omdat ons onsself herinner aan sy lyding wat dit voorafgegaan het. Lydenstyd begin op Aswoensdag. Op hierdie dag is die gebruik dat ons spesifiek nadink oor ons sterflikheid en ons sonde.

Aswoensdag en Lydenstyd wat daarop volg is tradisioneel 'n tyd van geestelike vernuwing in die lewe van gelowiges en gemeentes. Die 40-dae tydperk voor Opstandingsondag is reeds in die jaar 313 n.C. as 'n amptelike viering op die Christelike kalender aangedui. Om dit reg te bereken, moet jy egter die ses Sondae voor Paasnaweek buite rekening laat, want 'n Sondag is nooit as 'n Lydensdag beskou nie, maar as 'n dag van hoop.

So kom 'n mens op die datum van Aswoensdag uit. Hierdie presiese datum verskil egter van jaar tot jaar as gevolg van 'n kerklike reëling om die datum van Paasfees vas te stel. Die kerklike reëling rondom die bepaling van die datum van Paasfees is soos volg: 21 Maart is die dag en nag ewe lank. Dis ook 'n datum redelik naby aan die Joodse maand Nisan (afhangend van die stand van die maan) waartydens die Pasga gewoonlik gevier is. Paasfees val vervolgens op die eerste Sondag wat volg op die eerste volmaan ná 21 Maart. Paasfees kan dus nooit vroeër as 22 Maart wees nie en nooit later as 25 April nie.

Iets oor Aswoensdag spesifiek: In die ou tradisie is die palmtakke wat tydens die vorige jaar se Palmsondag-erediens gebruik is, iewers gebêre. Net voor Aswoensdag word hierdie takke verbrand. Op Aswoensdag het gelowiges dan vroegoggend bymekaar gekom en met die duim 'n kruis-merk met die as op mekaar se voorkoppe gemaak.



En so begin die reis na Pase elke jaar.

# Voorbidding



Ons dink in ons gebede aan die volgende persone;

- Chris Barnard van Randstraat;
- Erika Fourie van George;
- Tertia Conradie van Palmoord;
- Amanda Kromhout van Jan van Riebeeckweg;
- Johanna Martinis van Hofstraat;
- Elizna Alberts van Rooiheuwel
- Hannes Barendse van Parkweg.

## Doop

**Leah Marais, dogtertjie van Driekus en Simoné word vanoggend gedoop.**

**Baie welkom aan al die familie en vriende wat hierdie grootse oomblik met hulle deel.**




## Straatwerktoer



**Ons straatwerktoer met ons belydenisklas is die naweek 20-22 Februarie 2026 na Kaapstad.**

**Ons doen dit vanjaar in samewerking met Wes gemeente. Ons sien uit na samewerking met Wes! Bid asb. vir veiligheid, en dat dit vir die kinders ook op geestelike vlak 'n goeie toer sal wees.**




## Scan to Pay

U kan gerus die snapscan gebruik vir u kollekte. Vir u gerief is die snapscan kode aan die bokant van die houtkissies by die deure geplaas.



**Kaartfasiliteite beskikbaar**

Betaal geurs u dankoffers, gemeentekamp, bydraes vir die basaar by die kerkkantoor.

**Ds AJ Potgieter**

Van der Westhuizenstraat 23, Oudtshoorn, 6625

**Selfoonnommer** 084 514 2178

**Skriba | Finansiële beampte**

ngkerkwelgeluk@gmail.com

**Kantoor** 044 272 4391 / **069 243 1919**

**Kantoorure** | Ma - Vr 08:00 - 11:00

# Kwartaal Program

**<u>Naweek | 20—22 Februarie 2026</u>**

**Belydenisklastoer te Straatwerk, Kaapstad**

**<u>Donderdag | 26 Februarie 2026</u>**

**Bediening van Getuienisaksies om 17:30**

**<u>Maandag | 2 Maart 2026</u>**

**Diensgroep eiendomme om 17:30**
**Gemeentebediening om 18:30**

**<u>Donderdag | 5 Maart 2026</u>**

**DVK om 18:00**
**Diensgroep Finansies om 18:30**

**<u>Vrydag | 6 Maart 202</u>**

**Wêreldbiddag vir Vroue**

**<u>Donderdag | 12 Maart 2026</u>**


**Kerkraadsvergadering om 18:00**

**<u>Dinsdag | 17 Maart 2026</u>**

**Kerkkantoor gesluit a.g.v. oudit**

**<u>Vrydag | 27 Maart 2026</u>**

**Skole sluit / kerkkantoor sluit**







<u>www.moeder.co.za/kinderkamp</u>

hier is die skakel om te registreer




**Baie dankie aan almal wat aan my gedink en vir my gebid het. My oogoperasie was 'n groot sukses.**

**Marie Olivier**

# OUDTSHOORN-WELGELUK

**Baie dankie vir julle getroue dankofferbydraes wat dit moontlik maak om die Here voluit en met oorgawe te dien**

| | |
|---|---|
| Waarom dankoffers gee? | Jy sê so dankie! I Jy leer om van God afhanklik te lewe I Jy belê in God se Koninkryk en word 'n vennoot daarin I Jy wys aan watter geloofsgemeenskap jy jouself verbind |
| Vir wie gee ons? | Sinodale aandeel I Ouetehuis - Bellinganhof, Gottlandhuis, Tuishuis I Arbeidsbediening I Eljada Nasorg I Eljada-Kaïros I RCZ in Zimbabwe I Barmhartigheid in ons gemeenskap I Bybelgenootskap |
| Maniere van gee? | • Daar is dankofferkoeverte by die deure van die Kerkgebou beskikbaar.<br>• Al meer lidmate verkies om hul dankoffer deur middel van 'n gereelde elektroniese oorbetaling te doen (EFT). Ons moedig dit graag ook aan.<br>• Basaar.<br>• Offergawes. |

**NG Kerk Oudtshoorn-Welgeluk**

**ABSA Oudtshoorn**

**Tjekrekening 1120580066**